*Donderdag* **13 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:1-11 (AFR53**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:3**

**Ken die bron van jou vertroosting**

Elke huis het sy kruis en elke hart het sy smart. Troos is die een ding waarvan ons nooit genoeg kan kry nie. Almal het dit nodig, van groot tot klein. Wat doen die kleinste outjie op die speelgrond wat deur die groter seuns bedreig word? Hy hardloop na sy pa vir troos.

Dit is in 'n sekere sin wat Paulus in hierdie Skrifgedeelte doen. Hy erken sy hemelse Vader as dié een wat hom onder moeilike omstandighede vertroos. Die eerste brief aan die Korintiërs gee ons genoeg aanduiding hoekom die apostel vertroosting nodig gehad het. Die Korintiërs was in alle opsigte 'n teleurstellende gemeente. Hierdie teleurstelling kom op Paulus se pad te midde van al die verdrukking wat hy reeds in sy ampswerk verduur het. Hy meld in hierdie Skrifgedeelte dat selfs die doodsvonnis by geleentheid oor sy hoof gehang het. Toe hy daarvan bevry is, het hy geweet hy moet sy vertroue slegs op dié Vader stel wat in staat is om die dooies op te wek, die Vader van ontferminge.

Hierdie uitdrukking was saam met die woorde *God van alle vertroosting* deel van die Joodse liturgie in die sinagoges. Paulus het dit as 'n Jood goed geken, maar dit was slegs as Christusgelowige – toe hy die Vader as "die Vader van onse Here Jesus Christus" leer ken het – dat hy die kragvolle ondersteuning van hierdie aanspreekvorm werklik leer begryp het. Deur die Here saam met Paulus te dank vir die vertroosting, word die gemeente ook deel van hierdie vertroosting. Diegene wat saam met Paulus vertroosting ervaar het, word aangemoedig om dit ook met ander te deel.

As jy die Vader se vertroosting ervaar het, is jy ryk. Die Naam van die Vader van onse Here Jesus Christus sal dan op jou lippe wees.

*Sing: Skrifberyming 8/5-3*

*Ds. G (Gustav) Opperman (Emeritus)*